# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*



**23 Augustus 2026**

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Kuiergaste of Nuwe Lidmate ...

As jy vandag by Hoogland kuier of dalk as nuwe lidmaat aansluit –

**Baie welkom @ Hoogland!**
**Dit is lekker om jou en jou gesin hier te hê.**

Mag jy iets van God se liefde en die warmte van hierdie geloofsfamilie beleef.

Kom drink gerus ná die erediens 'n koppie koffie en kom maak kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal. Die leraar(s) wil jou graag ontmoet en help met liefde dat jy sommer gou tuis voel.

Meer inligting is beskikbaar by www.pehoogland.co.za - Ek wil -> Lidmaat word of stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 sodat die kerkkantoor jou kan kontak. Neem gerus 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert in die brosjurevakkies of kontak vir Annalize in die kantoor.

# Program van die dag

**09:00** Oggenddiens - Ds Pieter Nel
**10:00** GVG in onderskeie lokale

*Deurkollekte: Bybelverspreiding*

Ds. André Lotter nooi jou hartlik uit om die Bybelgenootskap se uitstalling in die voorportaal te besoek. Gaan loer gerus in en ontdek meer van die besondere werk van die Bybelgenootskap.

# Algemeen

## Program vir die week:

**Dinsdag: 25 Augustus**

09:30 Bybelstudie oor Vergifnis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis

**Woensdag: 26 Augustus**

08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Vrydag: 28 Augustus**

05:15 Mannebyeenkoms

Ds Pieter is die hele week by 'n Nasionale Predikantebyeenkoms in Rawsonville. Kontak gerus Ds Sunell of die Kerkkantoor.

## Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland dink aan al die Matrieks met hulle rekord eksamen. Mag julle elke dag met rustigheid, wysheid en vertroue aanpak.

Stuur enige gebedsversoek vertroulik per *WhatsApp* na 079 815 9325.

# Erediensbediening | Hier is plek vir jou ...

Elke Sondag is daar baie hande wat help om die erediens 'n gasvrye, verwelkomende ruimte te maak. Dalk wonder jy waar kan jy help en is daar by die Erediensbediening 'n plekkie waar jou gawes en hande gebruik kan word?
Daar is altyd mense nodig om op 'n roterende basis te help met:

- Gesinne wat by die deure kan verwelkom
- Die opneem van dankoffers
- Koffiebediening ná die erediens
- Charis, die sanggroep – soek veral mansstemme
- Die tegniese span – data, kamera en ander tegniese aspekte van die erediens

Gesels gerus met Leandra of Hanlie as jy meer wil weet of voel die Here wil jou op een van hierdie plekke gebruik.




## Sondag, 30 Augustus is Tiende Dankofferfees

Dit is 'n besondere geleentheid waar die Hoogland geloofsfamilie saamkom om met dankbare harte te reageer op God se goedheid en voorsiening.

Bring gerus jou Tiende Dankoffer-koevert saam en plaas dit tydens die erediens in die dankofferkis. Koeverte is op die banke en in die brosjurevakkies beskikbaar. (indien jy EFT kan jy sommer jou bewys van betaling ook daarin sit)

GVG-maats en jongmense: julle is ook deel van hierdie geloofspad! Onthou julle OP PAD-kaarte en koevertjies. Bring dit volgende Sondag saam kerk toe.

Vir dié wat 'n Tiende Dankoffer elektronies wil gee:
*NG Kerk PE Hoogland | ABSA Tjekrekening: 1400149980*
Kaartbetalings kan ook by die kerkkantoor gedoen word.

Kom beleef God saam as geloofsfamilie en vier met dankbare harte Sy goedheid en voorsiening.

## Kerkraad: Is die Here dalk besig om jou te roep?

Daar is tans vakatures op Hoogland se Kerkraad. Neem asseblief tyd om by die Here stil te word en fyn te luister of Hy jou dalk roep om as Gemeenteleier te dien. Indien jy so 'n roeping ervaar, gesels gerus met 'n leraar.

Nominasievorms is beskikbaar in die brosjurehouers of kan by Leandra (leandra@pehoogland.co.za ) in die kantoor aangevra word. Voltooide vorms kan tot Maandag, 7 September om 12:00 by die kerkkantoor ingehandig of per e-pos na leandra@pehoogland.co.za gestuur word.

Mag hierdie proses met gebed en onderskeiding gepaard gaan, in vertroue dat die Here die regte mense sal roep om met liefde, wysheid en diensbaarheid leiding te gee.

## Uit die hart:

Die Bybelgenootskap kom vertel ons kortliks Sondag van hulle werk om die Bybel te vertaal, beskikbaar te stel en in mense se hande te gee. As gevolg van die Bybelgenootskap, het ons ook die Bybel wat ons lees in verskillende vertalings. Op talle plekke wag mense steeds vir 'n Bybel in hul eie taal. As rentmeesters van God se Woord en die Evangelie wat aan ons toevertrou is, kan ons deur die Bybelgenootskap deel hê aan die vertaal, druk en verspreiding van Bybels.

Daar is waarskynlik meer as een Bybel in baie van ons se huise, of het ons toegang tot verskillende vertalings van die Bybel op ons selfone. Daarom laat die werk van die Bybelgenootskap my nie net vra hoe ons kan help om Bybels in ander mense se hande te plaas nie. Dit laat my ook vra: **wat doen ek met die Bybel wat reeds in my hand is?**

'n Bybel op die boekrak verander nie my lewe nie. Selfs 'n Bybel wat gereeld kerk toe gebring word, kan dalk geen invloed hê op die vrae, gewoontes en keuses van elke dag nie. Die Woord vra dat ons dit oopmaak, dit lees, daarna luister en toelaat dat God deur Sy Woord en Gees dinge in ons lewe bevraagteken en *verander*.

Dit sluit ook ons verhouding met geld en besittings in. Die Bybel waarsku ons dat geld en goeters baie maklik 'n groot plek in ons harte en gedagtes inneem en uiteindelik vir God *onttroon*. Juis om hierdie rede is ons dankoffers 'n geloofsgewoonte wat ons doen. Dit help ons om ons harte en gedagtes nie net op die *dinge hieronder* te fokus *nie*, maar op God. Dit leer ons om God regtig te vertrou en God se beloftes ernstig op te neem: *"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* (Matt. 6:33)

God se Woord word nie gelees bloot vir meer godsdienstige inligting nie. Ons lees dit om God beter te leer ken, om Christus duideliker te sien en om ons hele lewe (geld, besittings, verhoudings, keuses, voorkeure, ens.) telkens weer in Sy rigting te oriënteer.

Mag die Bybels deur die Bybelgenootskap versprei, oopgemaak en gelees word - ook die Bybel in jou hand.

...Pieter

# WOW Reeks

# KOMMUNIKASIE

Tema:

## HOOR JY MY?

*Praat. Luister. Verstaan.*

'n Reeks gespreksgeleenthede oor die kuns van kommunikasie in die lewe, verhoudings en geloof.



**DAGBOEK**

**WOENSDAG**

**2, 9, 16**

**SEPTEMBER**

**18:30 – 20:00**
**HOOGLAND JEUGLOKAAL**

**KOSTE:**
**R50**
ppp/geleentheid
(wyn/koffie & 'n peuselhappie ingesluit)

**KOM KUIER, LUISTER EN DEEL SAAM!**

**BESPREEK JOU PLEK:**
*WhatsApp jou naam en aantal persone na* **079 815 9325**

Inskrywings is NOU oop - kry jou 4 -bal en skryf in by Little Walmer Gholfclub.
Ideale Bemarkingsgeleentheid - Besighede raak deel en borg asseblief 'n *"green / tee"* - kontak vir Richard Moore / Leon Cilliers.




VETKOEK
VRYDAG
@ Hoogland
R30
elk
VRYDAG
4 SEPTEMBER
AFHAAL TYD
12:30 - 13:30
16:00 - 18:00
BESTEL MET
AANLYN BESTELVORM
OF STUUR 'N WHATSAPP NA
079 815 9325
BESTELLINGS SLUIT
WOENSDAG
2 SEPTEMBER
OM 12:00
Bestel sommer NOU!!!
ENIGE NAVRAE
gesels gerus met Annalize

# MTR SMIT BASAAR

## (Hoogland Koektafel)

29 Augustus 2026

9h00

Dit is alweer Basaar tyd by MTR en ons het gebak nodig. Die lewe is baie duur op die oomblik, maar absoluut enige iets is welkom en sal opreg waardeer word.

Indien iemand wil bak en bestandele nodig het, laat weet my, ek maak 'n plan.

**Kontak: Madelaine**
**(0785413483)**

*Elke bietjie help!*

Moenie hierdie besonderse Gebed Seminaar misloop nie.

Kry gerus jou kaartjie Sondag by die Info@PEHoogland tafel of by Annalize in die kerkkantoor of kontak vir Caroline - 061 451 1402





# Om God se Stem te Hoor

## PROGRAM

**9:00 - 9:15**
Verwelkom & Open met Gebed

**9:15-9:40 (20 min)**
Lofprysing

**9:45-10:30 (45 min)**
Stephan Joubert

**10:30-10:50 (20 min)**
Koffie /Tee & Muffins

**10:50-11:35 (45 min)**
Stephan Joubert

**11:35-12:10 (35 min)**
Middagete

**12:15 - 12:40 (20 min)**
Lofprysing

**12:45 - 13:30 (45 min)**
Betsie Joubert

**13:45 - Bediening**